**Maandag 3 April**

**Skrifgedeelte: Genesis 11:27 – 12:9**
**Fokusgedeelte: Genesis 12:1-3 (AFR83/AFR2020)**

**Oorsprong van die kerk: Die altaar van God se genade!**

Ons hele lewe word deur een na die ander oorgang gekenmerk. Abram moes uit sy land uit, weg van sy familie ... die vreemde in. God het hom nie sonder vastigheid gelaat nie. God het hom ’n nuwe land, ’n nuwe familie en nuwe nasie belowe. Die Here sou hom besonderlik seën, hy sou ’n man van groot betekenis word. Die Here sou seën wie vir Abram seën ... en deur Abram sou al die volke van die aarde geseën word. Die oorgang in Abram se lewe moes hom leer: Vertrou alleen op die Here!

Abram se voorneme om so te lewe, het geblyk uit elke altaar wat hy gebou het. Elke altaar was ’n getuienis van Abram se gebed en smeking om versoening met God en sy genade. Net so was elke altaar ’n getuienis van God se trou wat telkens vir Abram verseker en bemoedig het. Ons sekuriteit lê by die altaar van Jesus Christus. Hy het pynlik alle sekuriteite prysgegee. Hoekom? Vir God se nuwe begin ... met ons! So word ons gelei om alleen op God en sy beloftes te steun. Danksy Jesus Christus se offer is ons op pad na ’n beter vaderland, tuiste en gemeenskap.
Omdat ons soos Abram in verhouding met die Here staan, wil die Here deur ons na die volke om ons uitreik tot hulle seën. Hy het sy Heilige Gees uitgestort. Ons het die opdrag ontvang: *“Gaan dan heen. Maak dissipels van alle nasies.”* Wees so tot seën vir die nasies. Die Heilige Gees rus ons toe vir elke opdrag. Hy vertroos en bemoedig ons in tye van beproewing. Soek jou vastigheid en sekuriteit alleen in die Here en sy beloftes. Bly getrou aan ons opdrag: volg die Here. Bly op pad, en waar jy kom, rig daar ’n altaar vir die Here op.

*Sing: Psalm 128-2:1*
*Dr. De W Saaiman (De Wet)(Krugersdorp)*